

**Skriflesing:** Openbaring 2: 1- 7

Teks: **Openbaring 2:2-4, 7b**

Sing- **VOORAF SANG:Ps. 18:1,14**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 105:1,5,15; Ps. 25:2; Ps. 128:4; Sb. 2-4 (33):1,2; Sb 15-2 (38):1,2,3**

**Openbaring 2: 1- 7**

**Rev 2:1** Skrywe aan die leraar van die gemeente in Efese: So sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand vashou en wat tussen die sewe goue lampe rondgaan:

**Rev 2:2** Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle onvermoeide arbeid en julle volharding. Julle kan nie slegte mense verdra nie. Julle het ondersoek ingestel na die mense wat voorgee dat hulle apostels is, en dit nie is nie, en gevind dat hulle leuenaars is.

**Rev 2:3** Verder volhard julle ook; julle het baie vir my Naam verduur, en julle het nie moeg geword nie.

**Rev 2:4** Maar Ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie.

**Rev 2:5** Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het. Anders, as julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat!

**Rev 2:6** Maar dit het julle darem in julle guns: julle verafsku wat die Nikolaïete doen, net soos Ek dit ook verafsku.

**Rev 2:7** Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. **Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is.**

**Skriflesing:** Openbaring 2: 1- 7

Teks: **Openbaring 2:2-4, 7b**

Sing- **VOORAF SANG:Ps. 18:1,14**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 105:1,5,15; Ps. 25:2; Ps. 128:4; Sb. 2-4 (33):1,2; Sb 15-2 (38):1,2,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in alles wat in die Kerk van die Here gesê word, alles wat hier gedoen word, ja hier mag niks wees wat los staan van Christus nie. Ook die sakrament van die heilige doop vanoggend weer sopas in die gemeente bedien, is Christus die begin en die einde, die alfa en die omega het ons Hom verlede Sondag al in Openbaring 1 vir ons hoor sê! Christus se Woord, sy kerk en sy heerlijkheid is die groot sake wat vir enige gelowige op enige plek, in enige tyd, in watter omstandighede ook al van die uiterste belang moet wees.

Johannes het aan die begin van die Openbaring, Een gesien wat sy aandag, sy oë, dit waarmee hy moes kyk, ja sy hele wese was toegespits op die Een wat Hom na Christus moes heenlei. Ja, hy sien Iemand soos die Seun van die mens, want niemand kan God Self sien en bly lewe nie, maar hierdie Een soos die Seun van die mens teken in alles Christus af. Johannes sien Christus as Hoëpriester, met 'n lang kleed, 'n goue band om sy bors, want daar is geen band meer om sy heupe nie. Sy Hoëpriesterlike werk is afgehandel. As dit nie daarvoor was nie sou hierdie doop vandag hoegenaamd nie kon plaasvind nie. Johannes het hierdie Een soos die Christus ook gesien in sy heiligheid, sy skoonheid, sy heerlijkheid. Ja, die wit hare van hierdie mens-gestalte wys alles daarheen. Dit waarmee die doop ook altyd verbind staan. Die water wil skoonheid afteken, Christus wat ons van ons sondes moet reinig. Dat ons geheilig sy heerlijkheid sal soek, dit moet ook altyd ons gebed wees vir ons wat gedoopt is en ons kindertjies wat gedoopt word.

Dan kom ons by die Mens gestalte wat ons twee dinge raaksien wat deurgaans raakgesien moet word. Die Een soos Christus waarin Christus Homself laat vergestalt het, het oë en het voete. Oë wat soos vuurvlamme was en voete soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei. Christus kan sien, Christus kan beweeg. En daarmee saam Christus praat. Daar was trouens sy stem wat geklink het in die gedruis van 'n groot watermassa (vgl. Op 1:15) ... Ja een kant 'n watermassa, maar mag ons Hom ook vandag hoor en sien in die geluid wat van 'n paar druppels water vanaf 'n doopbak ook na ons kom.

\*\*\*

Wanneer ons vandag by die eerste van die sewe gemeentes kom waarby Christus ook by uitkom, dan moet die groot vraag heelyd wees. Wat het Christus beweeg om daarheen te beweeg?! Sy voete is ter sprake, sy voete wat dui op standvastigheid en onveranderlikheid maar nou kom hier 'n verskil in vergelyking met hoofstuk 1 van Openbaring. In hoofstuk 1 het ons gesien dat Christus het tussen die sewe kandelare wat sy kerk in alle opsigte verteenwoordig, daar het Hy tussen die kandelare stil gestaan. In hfst. 1 was Hy Een by Wie se voete die 85-jarige Johannes neergeval het, Jesus was staande, maar nou gaan Jesus in sy teenwoordigheid sy kerke inbeweeg. Hy gaan tussen die kandelare, die gemeentes rondbeweeg. Ons lees Hy gaan rond tussen die sewe goue lampe.

Sy voete is ter sprake maar ook sy hande. Spesifiek sy regterhand. In sy hand hou Hy sewe sterre vas. Die predikant, die leraar in elk van hierdie gemeentes word vasgehou soos net Hy wat Jesus is hulle kon vashou. In sy regterhand, watter troos om in sy hande te mag wees! Johannes het getroos in hfst. 1 gevoel hoe Christus hom die hand oplê, Hy wat vir hom gesê - *Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, 18 die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk ... Met sulke trooswoorde in net wat Christus vir Johannes kon gee, word as't ware die reistog, die looppad na elk van die sewe gemeentes letterlik 'n "visitasetog".*

\*\*\*

Visitatie is wanneer kerke mekaar besoek om bymekaar huisbesoek te doen. Die wel en wee, die belange, die werklike stand van elke gemeente word met 'n visitatie besoek voor oë gehou. In wat ons in die volgende sewe gemeentes sal sien is egter nie maar net gewone visitatie nie.

Christus Self is die groot Visitator en ons sien ook die belang van kerkverband. Elke gemeente word in sy selfstandigheid, ja in sy volledige complete kerk-wees besoek, maar hierdie gemeentes staan nie los vanmekaar soos eilande in die see nie, nee kerke staan in kerkverband tot mekaar soos ook hierdie sewe gemeentes in 'n besondere verhouding, in 'n besondere band tot mekaar gestaan het.

Daarom die voorreg om by vandag se doop ook die besondere visitasieverslag oor Efese te mag hoor. Dis so 'n groot genade, maar ook so 'n groot wekroep in wat is die dinge wat 'n kerk moet koester, waarvoor ons kan bly wees, maar ook wat is die dinge wat kan maak dat 'n kerk kan doodloop, ja so erg is dit in Christus se oë dat Christus vir hierdie gemeente sê dat as hulle hul nie bekeer nie, hulle as kandelaar van hulle plek verwyder sal word. Eerste dan-

**Die sewe dinge wat Efese moes koester en waarvoor die Here hulle aanprys:**

Deurgaans in Openbaring sal dit ons aangryp hoe die mooi en volledige van God se genade en God se werk met die getal sewe in verband gebring kan word. Die eerste van sewe gemeentes hoor sewe dinge waarvoor die Here hulle prys. Die Here sê – Hy ken hulle vermoeide arbeid, die Here sien hoe hulle volhard, die Here is bly daarvoor dat hulle slegte mense nie kan verdra nie. Die Here prys in die vierde plek hulle vermoë tot deeglike ondersoek. Die feit dat hulle ondersoek ingestel het na die mense wat voorgee dat hulle apostels is en dit nie is nie. In die vyfde plek is daar ook 'n aanprysing in wanneer 'n gemeente kan vasstel dat hierdie ander mense waarmee ons te doen het, is leuenaars. 'n Kerk moet weet wanneer is dit leuenaars waarmee ons te make het waarmee daar nie 'n pad geloop kan word nie. Met sulke mense en sulke kerke mag ons nie eenheid soek nie. In die sesde plek prys die Here hierdie kerk dat hulle baie lyding ter wille van die Naam verduur het, maar steeds het hulle volhard. In die laaste plek het die oë van Christus wat soos vuur gevlam het ook nog 'n besondere eienskap van hierdie gemeente kon raaksien nl. dat al doen hulle swaar dinge dat hulle nie moeg word nie.

Ons besef Efese was in daardie tyd en terme 'n groot stad. Die Romeine het Efese die lig van Asië genoem. Dis eintlik baie ironies want die stad was diep gewikkel in die diepe duisternis van die heidendom voor die evangelie maar net 'n klompie mense daar bereik het. Tussen 250 000 na 300 000 mense het daar gebly. Een van die grootste handelstede in Klein-Asië. Dit was ook 'n hawestad soos Korinte ook 'n hawestad was. Efese was by die see maar ook digby 'n groot

riviermonding, die Caysterivier geleë. Die grootste van skepe kon hier aangaan. Dit was 'n plek wat in alle rigtings invloed kon uitoefen. Ook die paaie vanaf Efese na die binneland was goeie paaie. In 'n stadium was Efese inderdaad die handelsentrum van Asië genoem. Dit was 'n imposante plek van kuns en kultuur. In die stad was die baie bekende en gewilde tempel, gebou vir die afgod Diana. Die Romeine het die Griekse godin Artemis na Diana herdoop. Hierdie tempel was gesien as een van die sewe wonders van die wêreld. Diana self was gesien as die godin van vrugbaarheid. Haar aanbidding het dan ook met groot onsedelikheid gepaard gegaan. Daar was ook 'n fabriek wat miniatuur beeldjies van die godin Diana gemaak het, nog weer het die geldmagte van daardie tyd die godsdien van afgode kon uitbyt.

\*\*\*

Vanuit wêreldse oë klink Efese na 'n lekker plek. Goed opgebou, skitterend dit wat die wêreld najaag is daar goed in plek en nou weet ons hoe het die kerk van Christus in Efese nie 'n groot gemeente kon wees nie. Die brief aan die gemeente in Efese, wat ons kan lees as Efesiërs begin Paulus in alles met 'n lang gebed en 'n inkleding van die kerk het sy ontstaan alleen te danke aan God se uitverkiesing. Ons het mos ook al 'n reeks rondom Efesiërs in hierdie gemeente gepreek. U kan op die webwerf nog weer na daardie preke gaan. Dis sekerlik die duidelikste van God se geskrifte waar die uitverkiesing so pertinent geopenbaar word. Van Efese se ontstaan lees ons ook in Handeling 18 hoe Paulus op sy tweede sendingreis hierdie gelowiges besoek het. Paulus het vir Priscilla en Aquila daar laat agterbly vir die opbou van hierdie kerk.

Aangrypend hoe die gelowiges in die diepte van hulle geloof kon groei. Toe Paulus daar die evangelie verkondig het, was daar nog baie mense wat groot boekerye gehad het wat veral gewentel het rondom die beoefening van towery en allerhande goëlery, dinge waarmee baie mense hulle mee besig gehou het. Dit wat die wêreld van die okkulte so 'n vatkans op mense gee. Dit het boeke ingesluit wat hulle ook dieper moes inlyf in die seks kultusse wat as jy die godin Diana dien hoe jy aan jou sg vrye liefde vrye teuels kan gee. Eintlik maar net 'n mooi manier om hoerery te beskryf. In Handeling 19 vers 19 lees ons dat hierdie gelowiges al hierdie gemors boeke toe verband het ter waarde van vyftigduisend silwerstukke. Dit was 'n bedrag gelyk aan 167 jaar se gemiddelde loon aan iemand uitbetaal. In ons terme sal dit seker in miljoene rande se waarde kon staan. Ons kan sê die gelowiges was bereid om die hele fortuin in die vuur te gooi.

Paulus het op sy derde sendingreis weer die gemeente besoek. Ja, Efese se kerk was diep in Paulus se hart, ook toe hy kon agterkom dat die ware geloof het die afgodery rondom Diana al harde terugslae kon gee. Die beeldjies het nie meer so goed verkoop soos vroeër nie! Ja, later as Paulus in die gevangenis is dan lees ons in 1 Tim 1:3 dat hy nog weer 'n brief aan hierdie gemeente geskryf het. Timotheus word dan ook aangewys as een wat die versorging van hierdie kerk moet opneem. Paulus skryf aan Timotheus dat hy in Efese moet agterbly dat hy aan sekere mense opdrag kan gee om nie vreemde leringe te versprei nie. Ja en ons weet die oue Johannes wat Openbaring op die eiland Patmos sou ontvang en dit moes neerskryf se laaste gemeente was ook Efese voor hy na Patmos verban was.

Weereens dit alles onderstreep dat die sewe dinge waaroor die gemeente aangeprys kon word, was nie sommer lippetaal nie. Daaragter sit baie stryd en opoffering en tranes en kan ons aanvaar miljoene en miljoene gebede wat hierdie gemeente regop gehou het! As ons vandag hierdie sewe dinge voor oë hou hoe kosbaar is dit ook by die doop. As hierdie seuntjie vandag gedoop daarby kan uitkom en dat sy ouers hom daarin leer dat hierdie sewe dinge is so kosbaar in jou geloof dan het so 'n kindjie die kosbaarste ontvang wat daar kan wees- Om in die geloof hard en onvermoeid te werk, om slegte mense uit te ken, om mense wat hulle as kerkmense voordoen, baie gou agter te kom hulle is dit nie, spesifiek kamtige pastore en leraars wat maak asof hulle ook die hande opgelê is, maar Christus se hand is nie op hulle nie. Om gou uit te vind wanneer is alles 'n liegspul, ja in die sesde plek bereid te wees om baie vir die Naam van die Here te verduur en tog kan ek aanhou. Om nie moeg te word nie, mag ons dit ook vir hierdie kind en sy ouers in hulle kerk-wees toebid. Want hoe mooi en hoe kosbaar die sewe dinge ook mag wees, sien ons in die tweede plek 'n baie slegte ding wat in die gemeente van Efese besig was om kop uit te steek – Ons noem dit in die tweede plek...

**Hulle was besig om hulle eerste liefde te verlaat:**

Wie weer met die oog van 'n arend of valk, ja beter nog Christus se oë wat soos vuur vlam en sy voete soos geelkoper wat in 'n oond gesmelt daarbinne rondbeweeg en ons wil die geheel oor hierdie eerste van sewe gemeentes laat gaan, besef ons 'n enkele saak kan 'n gemeente se ondergang wees. Hoe anders veral as ons besef dat my liefde vir Christus en dit wat Christus se

kerk waarlik kerk in Christus se oë moet wees, dan moet ek waarlik vir God lief wees. Christus wat sê - *4 Maar Ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie.*

*5 Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het. Anders, as julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat!*

\*\*\*

Ons hoor en sien 'n harde gebeurtenis hier, broeder en suster. Christus wandel tussen die sewe lampe, Hy is vandag spesifiek met die eerste lamp, die eerste kandelaar besig. Dis asof Hy 'n oomblik by hierdie lamp gaan stilstaan ... As ons hoor Christus wandel tussen die lampe dan bring dit ons dadelik terug na die eerste bladsy van Genesis. Daar lees ons ook hoe God in die tuin met Adam gewandel het. Daar spreek God se liefde reeds in die tuin as God saam met hulle in die aandwind aand na aand sou wandel. Genesis 3 vers 8 vertel die donker verhaal van Adam en Eva *het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. 9 Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?"* As God vir Adam vra – *"Waar is jy?..."* as God vir hierdie eerste gemeente in Openbaring vra- *Waar is julle eerste liefde heen ...* dan is dit dieselfde God wat in sy liefde tot sy kinders spreek. God wil altyd in sy liefde tot ons spreek al word ons voor die moeilikste van omstandighede en gebeure gestel, al kom ons in groot nood moet ons God in sy liefde tot ons hoor praat, in wat God se liefde is, moet ons Hom kan antwoord!

Die Here sien hierdie kerk en sy mense in hulle harte raak. Daar waar ons as mense nie regtig kan inkyk nie. Daarbinne is dit besig om donker te raak soos die stad rondom die gemeente lankal reeds 'n donker plek is. Ons besef God wil in sy lig, lig sien. Dis waarom Hy sy kerk 'n kandelaar, 'n lamp noem. Daar moet geskyn kan word, daar moet lig wees.

God is lig het die apostel vir Jesus in sy evangelie en in van sy briewe kon openbaar, nou word in dieselfde lig 'n baie ernstige gewaarwording gemaak. Dis God wat vir sy Kerk sê - *Julle het my nie meer lief soos in die begin nie.* Verskriklik om dit uit God se mond te hoor. Dis asof die geluid van God se stem wat geklink het soos groot watermassa (Op 1:15), ja die weerklank van die mens se waterdoop, asof dit net nog harder en harder word, ja dit kom soos brander na

brander en elke “doop brander” vra die vraag- Waar is jou liefde vir my heen? *5 Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het. Anders, as julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat ...*

\*\*\*

Geliefdes as liefde vir God en sy kerk besig is om te verdwyn, dan wil Christus nie meer in so ’n kerk wees nie. En as Christus nie in die Kerk is nie, dan sal die lamp doodgaan, dan moet die kandelaar verwyder word. Al het ons geloof wat berge kan versit en ons het hoop wat alle verstand te bowe gaan, ons het dalk ware hoop op al God se beloftes, maar die werklike liefde vir God en ook vir hulle wat my broer en suster is, is besig om te verdwyn, dan moet ons stil raak. Dalk het Efese so besig geraak om die ware leer te verdedig en om dwalinge te bestry dat hulle vergeet het van die liefde. Dis ’n wesentlike gevaar vir alle ware kerke van alle eeue!

Die gemeente in Efese bestaan nou al omtrent 50 jaar as Openbaring begin, daar het al ’n tweede geslag Christus-gelowiges in die kerk kon opgroei en die hartseer is, hierdie tweede geslag het Christus nie meer so lief soos wat hulle ouers vir Christus lief was nie. Anders gesê hulle heg ook al minder waarde aan die doop waarmee hulle ouers hulle nog in Christus wou gedoop het!

As ons vandag 1 Korintiërs 13 hiermee moet saamlees, dan besef ons as die liefde weg is, dan is alle verdere woorde en klanke hol en leeg. Dan het die een sonder liefde ’n klinkende metaal en luidende of galmende simbaal geword. Die 2020 vertaling praat van ’n *weergalmende ghong en ’n kletterende simbaal ...* In alle geval wat help daardie sewe goeie dinge en mooi dinge, dinge so belangrik maar die liefde is besig om te verdwyn. Dan gaan die kerk tot niet gaan! Dan beteken dit niks meer dat ons ons kindertjies in ons kerk-wees gedoop het nie. Tog besef ons hierdie brief eindig nie met ’n dreigement en daar stop dit nie. So werk God nie met sy kinders nie! In die laaste plek sien ons-

**God gee ’n besondere belofte wat weer die boom van die lewe na vore bring:**

In die paradys was die boom van die lewe baie prominent. Ja, daar was alreeds iets sakramenteel rondom die boom aan die gebeur want wie daarvan sou eet, sou ewig kon lewe, maar na die sondeval sou dit ’n verskriklike lewe wees want dit sou die lewe sonder Christus wees. Dit wat die boom afteken en dit waartoe God die boom bewaak het dat die mens in Genesis uit die tuin

weg van die boom verdryf moes word, klink hard maar eintlik is dit genade. In God se harde optrede is dikwels ook soveel genade daarin. Soos die lewe vandag hard is maar hoeveel genade ontvang ons nie dag na dag nie. Vir die gedoopte kindjie vandag weet ons niemand is 'n rustige kalm lewe gewaarborg nie, maar die belofte van die Here aan Efese wat die Heilige Gees hulle ore voor moes oopmaak sluit wonderlik af.

\*\*\*

Ja, die Here het nog weer iets mooi wat Hy in Efese kon raaksien. Die Here prys hierdie gemeente oor hulle die Nikolaïete verafsku en dan sê die Here Hy verafsku hulle ook! Die Nikolaïete was 'n liberale rigting in daardie tyd wat 'n tipe valse vryheid aan mense voorgehou het. Jy as mens is vry, jy kan maar alles doen, dit sal jou nie kwaad doen nie! Hulle het selfs so ver gegaan om te sê jy kan jou vryheid maar in Christus ook sien om jou vlees sy gang te laat gaan. Hulle het ook nog baie ander gnostieke idees gehad ... Ja, ons sal nog meermale in van die briewe aan die ander gemeentes van hierdie sekte hoor.

\*\*\*

En dan kom die mooie wat God se beloftes duidelik omraam. *Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is.* Die pad na die boom van die lewe is vir ons oopgemaak. Daardie versperring is weg! As dit nie so was nie, sou ons nooit vandag hierdie doop kon bedien nie. Dei toegang tot die ewige lewe is vir die mens oopgemaak. Christus gee ons te ete van die boom van die lewe waar Hyself nou vir ons daardie boom is! Ja, selfs die paradys word weer genoem, die glorie en die heerlijkheid van die ewige lewe word vir ons ontsluit. Vandag se doop kan ook al paradys-betekenis dra maar dan moet ons in Christus wees. Dan moet ons waarlik vir Christus lief wees. Aan so 'n mens word die paradys belowe. Ons kan Hom liefhê omdat Hy ons eerste liefgehad het. Daarom is die kindjie ook vandag gedoop want Christus wil vir Ruwan lief wees.

AMEN